NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 6
9 Maart 2023

## Steeds veilig na die storm

**Hawke's Bay – *the fruit basket of Aotearoa*. So word ons genoem, genestel hier aan die ooskus van die noordeiland van Nieu-Seeland. Ons heimat tussen wingerde en boorde, talle riviere en strome. Bevoorreg om deel van sowat 180 000 mense te wees wat hier woon en werk.**

So hoor ons toe saam met die res van die land van die storm wat op pad is. Sikloon Gabrielle word sy genoem. Nie 'n vreemde verskynsel vir dié tyd van die jaar nie: Die sikloonseisoen strek immers van November tot April. Maar dié een is anders, kom die waarskuwing. *The storm of the century*, word sy gedoop. 'n Storm wat twee tot drie keer groter is as die hele Nieu-Seeland.

Op Sondag 12 Februarie 2023 is die spanning tasbaar by die erediens. Versigtig word daar verneem of iemand meer weet as wat almal weet. Saam met die onrustigheid is daar 'n vreemde stilte. Die stilte voor die storm. Bidtyd en verootmoedigingstyd.

Maandagnag maak sikloon Gabrielle haar opwagting, en dadelik doen sy haar reputasie gestand. Die storm van die eeu laat haar teenwoordigheid geld op 'n chaotiese vernietigingstog. Winde van 150 km per uur waai die gietende reën teen alles vas, en vir die volgende paar uur word alles uitgelewer aan haar verwoestende krag. Alles gebeur in duisternis, want binne oomblikke is daar geen elektrisiteit, WiFi- of selfoonopvangs nie. Soveel mense sou agterna opmerk dat dit gevoel het soos die langste nag van hul lewens.

Nadat die ergste storm uitgewoed is na ongeveer 14 uur, die wrede ontnugtering: Die bekende het skielik soos 'n vreemde plek gelyk. In Havelock North, die woonbuurt waar ons woon, het groot bome oor die strate gestrooi gelê, oral het mense halflyf diep in water gestaan met hul kinders of troeteldiere in hul arms. Die stroompie, so 500 m van my huis af, was skielik 'n bruisende watermassa wat huise en eiendomme oorstroom het.

Saam met die skok, die onrustige onsekerheid: Is al ons lidmate veilig en ongedeerd? Dit is gewoonlik so maklik om uit te vind. Bel hulle of stuur 'n SMS. Maar as daar nie selfoonopvangs is nie, word dit moeiliker… Dit is eers later die dag, toe ek uiteindelik by die hospitaal kan uitkom vir 'n besoek, dat ek begroet word met selfoonopvangs in die voorportaal. 'n Massiewe hospitaal-kragopwekker word die ligpunt in die duisternis wat oor alles hang, en vir dae oor alles sou bly hang. Een vir een kom die boodskappe deur: *Ons is veilig, Dominee… Ons huis het skade, maar ons is droog… Ons moes ontruim, maar alles is wel, ons is okei…* Veilig, droog en dankbaar. Oorweldig deur die verwoesting, maar dankbaar.

Die omvang van die skade sou eers later duidelik word: Brûe, paaie, soveel huise, troppe diere, appelboorde, treinspore – alles meegesleur deur die woedende water. Woonbuurte verswelg deur slik en modder.

Lidmate in Palmerston North ('n ander wyk van die gemeente, 150 km ver) samel dadelik kos en benodigdhede in vir hul kerkfamilie in nood. Brood, kerse en langlewemelk word aangery om die nood te verlig.

Die Sondag kom ons in ons huurkerkie in Haumoana bymekaar. Ons kook water op die pannekoekstofie vir koffie. Die vorige Sondag se onrustigheid is vervang met dankbaarheid. Sonder krag en sonder begeleiding sluit ons die erediens af met 'n lied wat ons baie graag sing. Maar skielik het die woorde hulle tussen ons kom ingrawe:

As die oseaan haar kragte toon,
sweef ek met U hoog bokant die storm...
Vader, U is sterker as die vloed.
Dan word ek stil; U is my God!

**Ds Chris Liebenberg,**
**Hawke's Bay, Nieu-Seeland**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed




Dr Deon du Toit en prof Natasja Holtzhausen

- **Op die foto** kyk 'n olifant by Elephant Sanctuary toe terwyl **dr DJ (Deon) du Toit** van Pierneef GLO op sy 50ste verjaardag, 7 Maart, die jawoord vra van en verloof raak aan **prof Natasja Holtzhausen**. Dr Deon en prof Natasja is ewe oud – sy verjaar op 21 Maart. Sy is professor in Tukkies se Skool vir Publieke Administrasie en Bestuur. **Waarom Pierneef GLO?** GLO is bygevoeg by die gemeente se naam vir sigbaarheid in die gemeenskap: G = God en Geloof; L = Liefde en Lewe; O = Omgee en Omgewing. Dis een woord met drie letters, al drie letters moet teenwoordig wees om daarvan 'n woord te maak, maar die betekenis is baie wyer, want daar is vele ander geloofsbegrippe wat met onderskeidelik hierdie drie letters begin – elkeen kan dus sy eie geloofsbetekenis vind in GLO. God se Liefde in ons Omgewing is dus net een van vele moontlikhede. Dit is na aanleiding van die botsels, bloeisels en amandels in Numeri 17: 8: *Toe Moses die volgende môre by die tent met die getuienis kom, was daar botsels aan die kierie van Aäron, wat daar was vir die stam Levi. Trouens, daar was nie net botsels aan nie, daar was ook bloeisels en dit het selfs ryp amandels gedra.*

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 Maart, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 9 Maart: Di JJH (Koos) Engelbrecht (73) (emeritus) en LJ (Louw) van der Linde (54) (Evander)
  - Vrydag 10 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (47) (Wapadrant)
  - Sondag 12 Maart: Ds JJ (Jaco) Dreyer (63) (Bloemfontein)
  - Maandag 13 Maart: Di LK (Lilian) Erasmus (33) (Wonderboom) en RJ (Rudi) Rust (64) (Vanderbijlpark-Oos)
  - Donderdag 16 Maart: Di GS (Gerrie) Botha sr (64) (emeritus) en AC (Arie) Kuyper (69) (emeritus)
  - Vrydag 17 Maart: Dr DJC (Daan) van Wyk sr (83) (emeritus)

## Gemeentes en bediening



Ds Rudi Janse van Rensburg

- **Ds PR (Rudi) Janse van Rensburg** van Weltevreden het 'n beroep ontvang na die NG Gemeente Petrusburg (voltyds). Hy het die beroep bedank.






- **Gemeente Noordelike Pretoria**, tweede oudste Nederduitsch Hervormde Gemeente in Pretoria, se **eiendom** by 12de Laan 512, Gezina, **is verkoop**. Die gemeente wil graag die **preekstoel** aan 'n gemeente van ons Kerk **skenk**. Die laaste preek van ds Robert van Niekerk op die preekstoel het op Sondag 5 Maart 2023 plaasgevind. Die nuwe eienaars van die eiendom stel nie belang in die preekstoel nie. Indien 'n gemeente van ons Kerk daarin belangstel, kan hulle met ds Robert van Niekerk by 082 929

5677, of oudl Gerrit de Vries by 082 719 4393 skakel, of by **gert-bes@lantic.net** meer inligting bekom.

- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na **nedhervkerknbs@gmail.com** of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.

- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentelede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto's, staaltjies en gebeure waaroor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (**frikkiesan@gmail.com**). Baie dankie by voorbaat!




- **WERKRUIMTE: SAMEWERKENDE GEMEENTES LOUIS TRICHARDT, ZOUTPANSBERG EN VAN WARMELO**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.

  **Gemeenteprofiel:** Die samewerkende gemeentes is Louis Trichardt en Zoutpansberg te Louis Trichardt tesame met Van Warmelo te Alldays. Die drie gemeentes is binne die ring van Noordelike Bosveld. Die Louis Trichardt-gemeentes het 'n gesamentlike sieletal van ongeveer 80, terwyl Van Warmelo 'n sieletal van ongeveer 68 het. Die gemeentes het trauma beleef na die skeuring wat in die NHKA plaasgevind het. Predikante wat belangstel, moet kennis neem dat daar, in samewerking met die kerkrade, uitdagings sal wees om weer vertroue en samehorigheid in die gemeentes te vestig.

  **Versorging:** Die intreeskale van die Kerk is gebruik as riglyn vir die samestelling van die versorging wat insluit subsidie vir behuising, reiskoste, pensioen en medies.

  **Aansoeke: Aansoeke sluit op 17 Maart 2023** en moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Aansoeke word gestuur aan die skriba van die samewerkende gemeentes, oudl DJ (Dirk) Harmse (**djharmse@gmail.com**).

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

  Die kerkrade behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot en mag self ander kandidate nader. Indien nodig, sal die pos weer geadverteer word.

  Vir enige navrae, kontak oudl Dirk Harmse by 082 921 0477.

- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE SWELLENDAM**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om die werkruimte te vul ná die emeritaatsaanvaarding van die huidige predikant op 30 Junie 2023.

  **Gemeente:** Die gemeente dink met 'n Kopspiritualiteit oor Kerk, maar funksioneer in hulself met 'n Hart- en-Hand-spiritualiteit. Die gemeente is gereed vir groei en sal veral wil fokus op 'n herontdekking van hul roeping. Die gemeente is 65 jaar oud. Die gemiddelde ouderdom van die gemeente se 190 belydende lidmate en 16 dooplidmate is 57 jaar. Dit is 'n pastorale gemeente.

  Die gemeente het kerkgeboue in Swellendam en Bredasdorp en daar word elke Sondag op albei plekke 'n erediens gehou. Die pastorie is in Swellendam. Die lidmate woon in 14 verskillende dorpe, daarom is kontak met die lidmate en huisbesoek baie belangrik. Pligte soos in die Kerkorde moet uitgevoer word.

  Die riglyne vir die versorging soos voorgestel deur die Sinodale Dienssentrum word gevolg. Die gemeente kan die predikant tans vergoed tot op die sinodale riglyne vir 'n predikant met 9-10 jaar diens. Enige predikant met meer diensjare, wat vir 'n versorging tot op 10 jaar kan begin werk, is welkom om aansoek te doen.

  **Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente baie belangrik.

  **Aansoeke sluit op 27 Maart 2023.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV wat 'n kort verslag van die afgelope drie jaar se VBO-krediete insluit. Dit moet gestuur word aan die skriba by **nhkswellendam@gmail.com**. Enige ander navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

## Vergaderings


- Donderdag 9 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 10 Maart: Kommissie van die AKV<br>TOIBO Uitvoerende Komitee
- Woensdag 15 Maart: DPS en Plesion Finkom
- Donderdag 16 Maart: Rata Finkom

## Kerklike publikasies




- Hierdie Gedenkalbum het in 2017 verskyn onder redakteurskap van dr Wian Kloppers. Dit was maar die **tweede gedenkalbum van hierdie omvang** in die geskiedenis van die NHKA. Bestel dié pragboek teen 50%-afslag – nou net R150 (versending uitgesluit) – van mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za**.




- In die **Maart 2023-uitgawe van *Die Hervormer*** verduidelik **prof Tanya van Wyk** wat die ChatGPT-geselsbot vir ons mag inhou. **Dr Johan van Staden**, redakteur, wys ons hoe dié nuwe tegnologie met 'n skryfopdrag maak. **Ds Daniel Steinmann** bespreek die redes waarom instansies al hoe minder gedrukte media uitgee. Ons deel die stuitige foto's van Hervormer-studente tydens hul eerstejaarskampe, en **ds Carel Johann de Bruin** vertel van die Dirk van der Hoffgebou se ingebruikneming in Maart 1961. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.

- Die NHKA se ***Almanak 2023*** is uitverkoop. Daar is egter nog verskeie eksemplare van *Almanak 2022* beskikbaar, nou teen **R90 elk (versending uitgesluit)**. Hoewel van die besonderhede natuurlik verander het, is die *Almanak*-inligting nog grootliks bruikbaar. Die tekste in die ***Bybelse Dagboek*** is steeds opbouend en kan vir lesers inspirasie en hoop bring, al het die datums en kerklike feesdae intussen aangeskuif. Bestel by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.

- Ons nooi graag die NHKA se predikante om **preke (sonder liturgie) te stuur** na **annelie.botha@up.ac.za** vir plasing op die Kerk se webblad by **https://nhka.org/die-woord/preke/**.

## SP Engelbrecht-museum



- Die **SPE-museum en Gemeente Wonderboompoort** (waar die Museum in 'n 1905-kerkie geleë is) **benodig borge** vir gewone wit verf om die geboutjie te verf. Die gebou van die NHKA se Kerkmuseum ondergaan tans restourasie: elektriese werk, dak en geute is geverf, en tans word die vensters se stopverf vervang en die rame geverf. Nou moet die mure geverf kom. Ons kort ook wit Micatex-verf, 16 x 20 liter, asook onderlaagbeskerming teen vog in die 1905-kerkie. Ons benodig ook arbeiders en stellasies. Ons reken ons benodig ongeveer R50 000, vir deure en veiligheidshekke ook. Kan iemand moontlik help met 'n donasie? Kontak ds Carel Johann de Bruin by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951.

- Ds Carel Johann de Bruin wil graag meer inligting bekom oor wat geword het van **Gemeente Witbank** se ou kanselklede, doopvont, Kanselbybel, kollektesakkies, Nagmaalservies en geraamde foto's. Hy wil net weet waar dit tans is en of iemand vir ons foto's vir publikasie daarvan kan neem. In April sou Gemeente Witbank 96 jaar oud gewees het. Kontak hom by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951.

- Gemeentes word gevra om na hul **Kanselbybels** te kyk. 'n Kanselbybel het meer waarde wanneer die gemeente waar dit gebruik word of gebruik is se naam voor in die Bybel geskryf is. Doen asseblief moeite daarmee. Skryf besonderhede van die gemeente daarin, byvoorbeeld dominees wat al in die gemeente was, die huidige kerkraad se name, ensomeer. 'n Lee Kanselbybel is net nog 'n groot Bybel...

- Dikwels lê daar allerlei blaadjies op die kansel of in die Kanselbybel. Dominees, kantoorpersoneel by gemeentes, kosters, help asseblief om al die **begrafnisblaadjies of gedenkblaadjies** te bewaar. Dis maklik: Neem dit leesbaar af met jou foon (sonder skadu's) of skandeer dit. Die hele blaadjie – elke bladsy – ook liedere en briefies, tekeninge en foto's. Stuur dit dan aan **begrafnisbriewepottie@genza.org.za** of gaan plaas dit op die Facebookblad South Africa Funeral Letters / Begrafnisbriewe.

## ’n Gedig

**Pase by my ouers**

Hulle bid tot hul HereGod
vir die Opstanding
oor die Verlossing
oor die vermeerdering van brood
en visse, oor Genade
en hul middelkind
se langverwagte besoek.
Luister na hul verhale,
hoe iemand se neef ingedoen word,
oor my susters se lewe
en Tant Gog se onverwagse afsterf.
Op 82 en 76 dra hulle krom
aan die stories van hul lewe
by die kruispad van die dood.
My ou vader weier om na ’n ouetehuis
te gaan; my kromgetrekte moederlief
berei vir my ’n gunstelingmaal
in hul meenthuis gepantser
met ysterhek en staaldeure.
Ons praat oor plaasmoorde,
inbrake, aanvalle en bedelaars
wat daagliks voor die deur staan.
Hoe lank nog, Vader,
voordat hulle aan U deur klop?

**Joan Hambidge**
(Uit: *Dad*, 2006)

## Studentesake

- Die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** het op Dinsdag 7 Maart byeengekom en ’n nuwe bestuur vir 2023 verkies. **Op die foto** is die lede van Van der Hoff 2023 saam met hul dosente. Ons sal in ’n volgende uitgawe berig oor die nuwe bestuurslede.



- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

# Toerusting

- **Die Millenniërgesprek**
*Wat die ruspes laat oorbly het, het die treksprinkane opgevreet; wat die treksprinkane laat oorbly het, het die voetgangersprinkane opgevreet, wat die voetgangers laat oorbly het, het die kaalvretersprinkane opgevreet* (Joël 1: 4, AFR2020). Wat het die sprinkane in Joël, die Millenniërs en die NHKA met mekaar gemeen? Verstommend baie! Kom vind uit deur die volgende bekendstellingsgeleentheid by te woon:
**Dinsdag 14 Maart om 19:00**

  Topic: VTT/VTK Bekendstelling: Millenniër gesprek
  Time: Mar 7 en 14, 2023 09:00 Harare, Pretoria

  Join Zoom Meeting
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1pIZCtjSS9ZSFY4dz09**

  Meeting ID: 942 768 9935
  Passcode: SGB

- **Stasies van die kruis by NHKA Centurion-Oos,** Napierweg 103, Lyttelton. Die stasies van die kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld 'n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam te kom beleef **op jou eie tyd**. Dit sal sinvol wees om 'n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Daar is 'n handleiding by die begin van die stasies. Donasies welkom, of niebederfbare voedsel.

  - Maandag 3 April: 09:00-12:00; 16:00-20:00
  - Dinsdag 4 April: 09:00-12:00
  - Woensdag 5 April: 09:00-12:00; 16:00-20:00
  - Donderdag 6 April: 09:00-12:00; 16:00-18:30
  - Vrydag 7 April: 10:30-13:00
  - Saterdag 8 April: 10:00-13:00

- **Mentorskap-opleiding.** Op **24 en 25 April 2023** van 09:00 tot 16:00 vind 'n gratis aanlyn toerustingsgeleentheid vir predikante plaas. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Kontak ds Lisa-Mari Prinsloo by **lisamari.swanepoel@gmail.com** om jou plek te bespreek.

- Die **ATKV** bied verskeie **geestelike retraites** aan, by Buffelspoort en in die Kaap by Goudini Spa. Kontak ds Gys van Schoor by **gysvs@iafrica.com** vir meer inligting oor kursusfooie en beskikbaarheid. Besprekings by 014 572 1000 of **buffelspoort@atkv.org.za** (Buffelspoort) en 023 349 8181 of **konfgo@atkv.org.za** (Goudini).
**Buffelspoort – naweek van spirituele vorming**
  - 5-7 Mei 2023
  - 21-23 Julie 2023
  - 13-15 Oktober 2023

# Barmhartigheid

- **Die 49ste Nasionale Kongres** van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV) vind plaas op **23, 24 en 25 Junie 2023** in Pretoria. Nadat die vorige kongres eers uitgestel en later afgestel is as gevolg van die Covid-pandemie wat alle byeenkomste ingeperk het, is dit met dankbaarheid dat die NHSV Hoofbestuur alle vrouelidmate van die NHKA na die 49ste Nasionale NHSV KONGRES kan uitnooi. Die tema vir die Kongres is: **Lééf die liefde** – *Laat julle lig só voor die mense skyn…* (Matt 5: 16). 'n Oproep van die Kongres, tesame met geloofsbriewe, is reeds aan elke gemeente versend. Die Kongresfooi is R920 per Kongresganger. Die besprekingsvorm sowel as bewys van betaling moet die NHSV kantoor **voor of op 15 Mei 2023** bereik. Indien daar enige dame is wat nie 'n uitnodiging

ontvang het nie, is u welkom om die NHSV kantoor te kontak vir inligting (**admin@nhsv.org.za**). Daar is geen beperking op die aantal dames per gemeente wat die Kongres wil bywoon nie. Ons verwelkom graag ook dames uit gemeentes waar daar nie 'n NHSV tak is nie. Die NHSV Hoofbestuur glo dat hierdie geleentheid 'n inspirerende en verrykende geleentheid vir elke afgevaardigde dame gaan wees. Moenie dit misloop nie. Klik ***hier*** om die oproep af te laai.

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
  Semiversorgend: R6 180
  Verswakte bejaardes: R6 720
  **Woonstelle (selfversorgend)**
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
  Eenslaapkamer: R4 500
  Tweeslaapkamer: R6 070
  Kontak ons bestuurder vir enige navrae
  Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsameling

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Kommentaar

“Baie dankie vir die pragtige *Blitspos* vandag (2 Maart 2023). Ek wil graag kommentaar lewer op Madelie Pretorius se stuk wat sy oor die *quizzes* geskryf het. Dalk moet ons meer moeite doen om jonger mense te laat skryf – dis ’n nuwe aanslag, met nuwe sieninge wat ons dalk in die Kerk nodig het. Ek dink ons sal verstom staan oor hoe jong mense dink oor die hele bestel in die Kerk. Ons *oues* kan dalk by ’n jonger groep  heel nuwe en oulike idees kry. Baie dankie vir elke week se *Blitspos*. Altyd lekker om te lees.” (Elmien Botha)

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

Heer, my Heer, U ken my hart.
U weet waar ek loop, waar ek struikel, waar ek val.
Ek vra U nou, verander my, bou my karakter.
Verwyder alles wat keer dat u doel met my bereik word.
Skyn u lig oor my en bevry my van ydelheid,
van trots, van verwaandheid.
Bevry my van vrees en onsekerheid.
Reinig my, Heer, en vul my opnuut,
want net in U is ek sterk.
In gehoorsaamheid aan U kan ek rus vind.
Wanneer ek beproef word,
leer my om geduldig te wees.
Vul my met u Gees.
Gee my ’n onbreekbare vertroue
in u allesoorheersende liefde.
Ek bid dit in die Naam van Jesus.
Amen.

prayer for anxiety.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk